

## Ander Hernubare Energiebronne

### Geotermiese en Oseaan-energie

Skyfie	Indeks
1	Inleiding
2, 3	Geotermiese energie
2, 3	Geotermiese verhitting
4	Seekrag
5	Branderkrag
6, 7	Getykrag

#### Skyfie 2: *Geotermiese energie: Elektrisiteit*

- Onder die aardkors is daar warm, gesmelte rots, wat bekend staan as geotermiese energie.
- Geotermiese of aardenergie word op talle maniere benut, bv. warm water en verhitting van ruimtes.
- 'n Geotermiese kragaanleg gebruik die aarde se natuurlike hitte om water of 'n organiese medium te laat verdamp.
- Hierdie stoom dryf turbines aan wat elektrisiteit genereer.

#### Skyfie 3: *Geotermiese energie: Verhitting*

- 'n Geotermiese verhittingsaanleg vereis laer temperature en die warm water kan direk gebruik word.
- Indien naby die bron kan die hitte regstreeks aangewend word om huise, geboue en warmwatervoorrade te verhit.

#### Skyfie 4: *See-energie: Branders, getye en strome*

- Die kinetiese energie in branders kan gebruik word om elektrisiteit op te wek.
- Brander-aangedrewe toestelle gebruik die vertikale verplasing van branders om elektrisiteit op te wek.

#### Skyfie 5: *Branderenergie*

- Spesiale strukture skakel die kinetiese energie van inkomende branders om na elektrisiteit by wyse van hidrouliese, meganiese of pneumatiese kragopwekkers.
- Hierdie strukture word deur ankertoue in posisie gehou, of regstreeks op die seabodem of seestrand geplaas.
- Elektrisiteit word via elektriese kables onder die see na die land vervoer.

#### Skyfie 6: *Gety-energie*

- Gety-energie kan benut word deur die bou van 'n dam of keerwal in 'n riviermonding of baai met 'n geskikte speling tussen die getye.
- Sluise in die keerwal veroorsaak dat die inkomende gety in die opvanggebied agter die wal opdam.
- Wanneer die gety terugtrek, word die sluise toegemaak en die water deur turbines gelei om elektrisiteit op te wek.

**Skyfie 7: *Gety-energie***

- In Frankryk, Kanada en China word gebruik gemaak van gety-keerwalle oor riviermondings.
- Die hoë koste en omgewingsteenkanting verhinder dat die tegnologie verder uitbrei.